



WP SA BOERPERD KLUB

WP SA Boerperd Klub 2014

Die jaar 2014 blyk 'n spesiale jaar te wees in die WP SA Boerperdklub geledere met ruiters, telers en eienaars wat in verskeie dissiplines ons ras se naam hoog gehou het.

Tradisionele en Universele SA Boerperde het suksesvol deelgeneem aan die WP SA Boerperd Streeksskou gehou in Riversdal, wat aangebied is deur die Riversdal Landbougenootskap. Springklasse, wat vir die tweede maal op die skouprogram aangebied word, was ook baie goed ondersteun.

Van ons lede het buite-skoue ondersteun in die Suid en Noordkaap; daar is deelgeneem aan Plesier ritte en ons jong universele ruiters het goed gedoen in SANESA Boland en het deelgeneem aan die SANESA Streekskampioenskappe gehou in Stellenbosch by SDRC.

Die kwaliteit van die perde wat gedurende 2014 ten toongestel is, was uitnemend.

As gevolg van die publieke blootstelling, was daar in besonder hierdie jaar navrae ontvang oor SA Boerperde en verkope/aankope is gedoen.

Die WP klub se Algemene Jaarvergadering het tydens die Streekskampioenskappe plaasgevind en was goed verteenwoordig deur sy lede.

WP Klublede, ruiters en perde het veilig gereis (heen en terug nagenoeg 3000km) om gedurende September 2014 aan die SAB Nasionale Kampioenskappe in Parys deel te neem. Vir sommiges was die datum van die kampioenskappe 'n bietjie ontwrigtend omdat dit in Universiteits- en Skoolkwartaal gevval het, en spesiale verlof toegestaan moes word.

Ons bedank die Raad en Elize Prinsloo vir hul onbaatsugtige diens en ondersteuning, asook vir 'n ongelooflik suksesvolle, uiters goed beplande 2014 Nasionale Kampioenskappe.

AJ BURGER

WP Streeksverteenwoordiger

+27 (0)82 8955929

ajburger@hantam.co.za